Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **5 – 11 Julie 2020**
**Vyfde** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Matteus 11: 16-19, 25-30**
*Skriflesing vir volgende week: Romeine 8: 1-11*

## Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd*

Lees ***Psalm 45***. Die digter-sanger sing 'n bruilofslied vir die koning.

- ✓ Identifiseer woorde waarmee jy die Hemelkoning kan beskryf.
- ✓ Die koning beywer hom vir die waarheid en vir die reg van hulpeloses. God het Hom aangestel om die reg lief te hê en onreg te haat.
- ✓ Watter geleentheid het jy vandag om dieselfde te doen?
- ✓ Kan dié Koning van konings jou as kampvegter gebruik vir die waarheid en vir die reg van hulpeloses?

## *Maandag – Luister na God se Woord*

Lees ***Matteus 11: 16 – 19; 25-30***.

- ✓ Jesus vergelyk die Joodse leiers ("hierdie geslag") met kinders wat verveeld op die markplein sit. Die boodskap wat Johannes die Doper en Jesus self gebring het, naamlik dat Jesus die langverwagte Messias is wat gekom het, laat hulle koud.
- ✓ God werk op verskillende maniere deur verskillende mense. Die fluitspeler verpersoonlik Jesus se vreugde boodskap. Johannes, die askeet uit die woestyn, sê boodskap is 'n treurlied wat tot trane moet beweeg. Hy wys die volk op hulle sondes en roep hulle op tot bekering. Albei boodskapdraers word fel gekritiseer (verse 18, 19).
- ✓ Jesus word deur sy wonderdade as Messias geïdentifiseer. Jesus stel ons ook voor 'n lewenskeuse: Om in Hom te glo of nie.

## *Dinsdag – Luister na mekaar*

Lees ***Matteus 11: 16 – 30.***

- ✓ Johannes en Jesus het albei van God "gekom". Hulle verkondig dat God se koninkryk aangebreek het. Tog kon nie een van hulle die Jode tot inkeer beweeg nie. Die Jode bly hardkoppig.
- ✓ Vers 20-24 vertel watter uitwerking hulle onbekeerdheid op Jesus het. Waarom sonder Hy spesifiek hierdie drie Galilese dorpe vir sy oordeelsaankondiging uit?
- ✓ Hoe vergelyk hulle met die drie heidense stede van die Ou Testament? Hulle is berug vir die boosheid van hulle inwoners.

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

Lees ***Matteus 11: 20-30.***

- ✓ Met watter dorpe of stede van ons tyd sou jy Gorasin en Betsaida vergelyk? Waarom?
- ✓ Dink oor die impak van nuusberigte die afgelope week. Het van hulle jou laat besef dat daar mense is wat God se genadegawes verwerp?
- ✓ Die kerk is die gemeenskap wat geroep is om die lewe van die gekruisigde en opgestane Jesus voort te sit ten aanskoue van die wêreld.
- ✓ Is Jesus se "werke" en "wonderdade" sigbaar in die lewe van sy volgelinge in die plekke waaraan jy hierbo gedink het?

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

Lees ***Matteus 11: 25-30***.

- ✓ God se oordeel spreek nooit die laaste woord nie. Sy genade spreek altyd mee. Waaroor prys Jesus sy Vader? Na wie verwys Hy hier as "slim en geleerde mense"? Wie is die "eenvoudiges" hier? Die Griekse woord vir "eenvoudiges" kan ook met "kinders" of "babas" vertaal word.
- ✓ Matteus gebruik ook die woorde "geringstes" en "kleintjies" vir gelowiges se afhanklikheid van God.
- ✓ Die Seun is die enigste weg tot die Vader. Wie Hom sien, sien die Vader.

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Matteus 11: 25-30.***

- ✓ Jesus sê "Die Vader en Here van hemel en aarde" het redding bewerk vir elkeen wat glo in sy Seun. Die Joodse leiers se uitleg en toepassing van die wet het 'n ondraaglike las op die mense gelaai. Daarom nooi Jesus "almal" om by Hom die genadegawe van egte rus te ontvang.
- ✓ Jesus leer ons wat die wet van liefde, barmhartigheid, deernis en omgee is. Vra Hom om jou knellende juk van wettiese onderhouding te omskep in 'n ligte las van liefde.

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

Lees ***Matteus 11: 16 – 19; 25-30.***

- ✓ Gebruik God se gawes om met Jesus se sagmoedigheid en nederigheid rus te vind in Hom.
- ✓ Fokus op die beeld wat die evangelis in hierdie gedeelte van God skilder.
- ✓ Hoe is jou gesindheid en optrede teenoor gelowiges wat God se boodskap op ander maniere uitleef as waaraan jy voorkeur gee?
- ✓ Vra die Heilige Gees om jou met sy vrug te vul wanneer jy moeë mense na rus in Jesus begelei.

# Familie Tuisblad

**5 – 11 Julie 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

## fokus vers

**Matteus 11: 29** (Bybel vir Almal)
"Julle moet gehoorsaam wees en luister na wat Ek vir julle leer, want Ek het 'n sagte hart en Ek is nederig. Julle sal vir altyd by My kan rus."

## TEMA van die week

Om Jesus te dien is nie 'n las nie!

## BYBEL tyd

**So:** Matteus 11: 16-19, 25-30
**Ma – Di:** Genesis 24: 34-67
**Wo – Do:** Psalm 45: 10-17
**Vr – Sa:** Romeine 7: 15-25a

## BID tyd

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat ons kan eet en geniet en saam met U feesvier. Amen.

**Oorgee – gebed**
Ek kies om te doen wat U vra, en U las is lig. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag elke gewone mens wat vandag met jou te doene kry, sien dat jy Jesus volg.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Waarvan het die mense vir Johannes beskuldig (v18)? En waarvan het hulle Jesus beskuldig (v19)? Kan mens sulke mense tevrede stel?
- Is God tevrede met ons?
- Hoe verskil Jesus se las van die Fariseërs s'n?
- Die Fariseërs het nie lekker verstaan nie, maar die gewone mense wel (vers 25). Gebeur dit vandag nog steeds so – dat gewone mense soms verstaan wat ander mense nog nie verstaan nie?
- Hoe sou die mense gevoel het oor Jesus se woorde? Hoe is dit anders as die woorde van die Fariseërs?

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Speel op verskillende maniere met van die verse:

- Druk vers 25 uit, knip die woorde uit, en kyk hoe lank dit julle neem om die vers weer te bou.
- Ontwerp julle eie skrifkode waarin letters met tekens vervang word. Daar is ook eenvoudiger metodes, soos om letters met mekaar om te ruil. Skryf saam vers 25 op een groot plakkaat en plaas dit iewers waar julle dit elke dag kan sien.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Maak 'n dankie-sê kaartjie vir die mense wat julle volgelaaide vullissakke weekliks kom leegmaak en wegry.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit

Probeer om sovêr moontlik mekaar se tasse/sakke te dra wanneer julle by die huis kom of uitgaan vir werk/skool.

**5 – 11 Julie 2020**
**Bybelstudie: Matteus 11: 16-19, 25-30**
**Volgende week:** *Romeine 8: 1-11*

[16]”Waarmee moet Ek hierdie geslag vergelyk? Hulle is net soos kinders wat op die markpleine vir mekaar
sit en roep: [17]‘Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie! Ons het ’n treurlied gesing,
en julle het nie gehuil nie!’ [18]Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: ‘Hy is van die
duiwel besete.’[19]Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: ‘Kyk daar, ’n vraat
en ’n wynsuiper, ’n vriend van tollenaars en sondaars.’ Maar God tree met wysheid op, en sy werke
bewys dit.”

[25]Daardie tyd het Jesus gesê: “Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim
en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. [26]Ja, Vader, so was dit u
genadige bedoeling. [27]”My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe
die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil
bekend maak. [28]”Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. [29]Neem my
juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.
[30]My juk is sag en my las is lig.”

● Nadat Matteus in hoofstuk 1-10 vir Jesus bekendgestel het, skuif sy fokus in hoofstuk 11-12 na die reaksie van mense op Jesus se bediening. Tot op hede het Matteus byna geen verwysings na negatiewe reaksies op Jesus se bediening gemaak nie. Die toedrag van sake verander egter nou. Matteus 11: 1-15 begin met ’n vertelling van Jesus se reaksie op Johannes die Doper se vraag aan Hom vanuit die tronk wat van Johannes se onsekerheid oor Jesus se bediening getuig. Ondanks die reaksie van Johannes betuig Jesus sy eie hoë waardering vir Johannes se bediening.

● Nadat Jesus sy opinie oor Johannes die Doper gegee het, gee hy sy algemene mening oor "hierdie geslag". Laasgenoemde dui op die tydgenote van Jesus (ander voorkomste is 12: 41-42; 23: 36; 24: 34). In Joodse gebruik dui die verwysing na ’n bepaalde geslag op hulle karakter en nie net op die feit dat mense in ’n gegewe tydstip geleef het nie. Meer spesifiek gestel funksioneer dit tipologies in Matteus vir ’n groep mense wat ongehoorsaam aan God is (byvoorbeeld die geslag van Noag (Matteus24: 34-44) en die geslag in die woestyn). Vir Matteus is dit dan ook die verwerping van Jesus deur ’n spesifieke groep mense wat hulle ’n ongehoorsame geslag gemaak het (Davies and Allison 2004, 180–181).

● In vers 16-17 verwys Jesus na die speletjies wat kinders in die markplein van sy tyd gespeel het om die huidige geslag se reaksie op sy en Johannes se bedieninge te verwoord. Meisies het op ’n fluit gespeel en die seuns uitgedaag om soos die gaste van ’n bruilof te dans, en die seuns het weer ’n treurlied gesing en gevra dat die meisies op hulle beurt vir hulle moes huil. Die punt wat Jesus maak is dat die geslag waarna Hy verwys soos die kinders is wat telkens hul verwagtinge op Jesus en Johannes geprojekteer het (let wel die vergelyking is tussen die kinders en die geslag na wie Jesus verwys). Hulle wou hê dat Johannes moet eet en drink en hy wou nie só leef nie, en dat Jesus soos ’n askeet moes leef en Hy het weer saam met almal geëet. Daarom het hulle vir Jesus beskuldig dat Hy ’n vriend van sondaars is en vir Johannes dat Hy van die duiwel besete is (vers 18-19). Laasgenoemde aanklag is ook teen Jesus gebring (12: 22-32). Johannes se voorkoms en optrede sou die aanklag egter ’n waarskynlike een teen hom gemaak het.

● In vers 25 gee Jesus sy reaksie op die verwerping wat Hy vanaf die Joodse leiers ervaar het asook op die positiewe reaksie van die geringstes in die samelewing. Jesus kla nie oor sy lot nie maar dank God eerder vir wat Hy deur Hom gedoen het. Die werkwoord om te dank kom algemeen in die dankpsalms van die LXX voor. Dié psalms is tot God gerig maar is ook bedoel om deur die hele geloofsgemeenskap aangehoor te word. Jesus dank sy Vader vir alles wat Hy gedoen het: vir die verberging en openbaarmaking van kennis, vir die kennis wat aan Hom gegee is en vir die moontlikheid van rus wat Hy aan mense kan bied.

● Die wyses waarna Jesus verwys is die wat in die oë van die wêreld wys is.  Moontlik veronderstel Jesus hier die Fariseërs en die skrifgeleerdes in besonder.  Die kindertjies (vers 25) verwys weer moontlik na die volgelinge van Jesus wat ongeskoold was in die Wet.  Dat die geleerdes nie verstaan wat aangaan nie dui daarop dat kennis van God vir Jesus 'n gawe van God is.  God moet dit aan mense bekendmaak.  Dit kan op geen ander manier bekom word nie (Nolland 2005, 471).  Die punt is dus nie dat alle kinders wys is en geleerdes dwaas nie.  Dit is eerder dat God wel aan sommige mense, al is hulle ongeskoold, insig in sy plan gee.  Wie hul wysheid by God vind word gekenmerk deur hulle nederigheid.  Om kennis vanaf God te ontvang moet die ontvanger daarvan geestelik gereed wees daarvoor.  Jesus se kritiek is dan ook nie soseer teen geleerdheid of kennis nie as teen arrogansie en selftrots.

● Vers 27 maak dit duidelik dat God se openbaring deur Jesus gekom het.  Die wedersydse kennis van die Vader en die Seun wat in die vers verwoord word herinner aan soortgelyke uitsprake in die Johannesevangelie (vgl.  1: 18; 14: 6-9; 17: 1-8) (Turner 2008, 303).

● In vers 28 nooi Jesus diegene wat oorlaai is om na Hom te kom om rus te ontvang.  In die woorde van Augustinus is Jesus die ware Sabbat.  In Hom kry mense rus (Davies and Allison 2004, 187).  In Eksodus 33: 14 het God aan Moses beloof dat Hy aan Hom rus sou gee.  Hier is dit Jesus wat soos sy Vader handel.  Hy gee aan mense rus.  Dit is onseker waarna die juk verwys.  Duidelik dui dit op een of ander vereiste wat aan mense gestel is (eerder dat hulle soos diere aan mekaar gebind word).  Die vraag is egter watter vereiste verwys Jesus na?  Is dit die las wat die Fariseërs se toevoegings tot die Wet op gelowiges geplaas het of die eise (finansieel en emosioneel) van elke dag?  Of selfs die eise wat Jesus aan sy volgelinge gestel het (10: 16-39).  Moontlik verwys Jesus na die eise van die Fariseërs.  Daar is binne Judaïsme na die wet as die juk verwys.  Om die juk op te neem is 'n ander manier van Jesus om mense te nooi om Hom te volg (vers 29).  Jesus se juk wys dus daarop dat Hy nie net die gepersonifieerde wysheid is nie (sien onder), maar ook die gepersonifieerde wet.  Jesus vra verder nie net om nederigheid nie – Hy is die nederige een.

● Vers 30 paradoksaal is Jesus se juk en sy las onderskeidelik sag en lig.  Sy vereistes maak mense dus eerder vry as om hulle verder te belas.  Die verwysing na rus het ook 'n eskatologiese dimensie.  In Judaïsme is geglo dat God, net soos na die eerste skepping, sal rus.  Die verwysing na rus verwys dus na die eskatologiese vervulling van alles.

● In die gedeelte word Jesus met Wysheid vergelyk soos wat wysheid gepersonifieer word in die Joodse wysheidstradisie.  Voorbeelde hiervan is : (a) net soos die Vader die Seun ken, ken God alleen wysheid (Job 28: 12-27) en (b) net soos Jesus die Vader ken, ken net Wysheid vir God (Wysheid van Salomo 8: 4), verder maak Jesus (c) verborge wysheid bekend soos Wysheid Goddelike geheime bekendmaak (Wysheid van Salomo 9: 1-18) en (d) Jesus roep ander op om sy juk op te neem net soos Wysheid doen (Spreuke 1: 20-23).

**Bronnelys**


- **Bybellenium**
- **Bybel in Praktyk**
- Combrink, HJB.  **Die Evangelie volgens Matteus**.
- Davies, W D & D C Allison.  **Matthew.**  (Shorter Commentary).
- France, RT**.  The Gospel according to Matthew.**
- Hagner, D.  A.  **Matthew 14-28.**  (World Biblical Commentary).
- Nolland, J.  **The Gospel of Matthew**.
- Turner, D L.  **Matthew**.

Jesus Leef en ons met Hom

**5 – 11 Julie 2020**
**Kleingroep**
**Moedverloor**
**is ook op die pad**
**Matteus 11: 1-19**

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Gedurende die *grendeltyd*, wie het jy die meeste gemis en wie het jy nie gemis nie?
- Vertel mekaar van 'n teleurstelling wat julle al gehad het.
- Vertel van iets mooi wat met jou hierdie week gebeur het en loof dan die Here in spontane gebede.

**2. Kontak met God**
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 145: 8-14** as 'n gebed.

Dink na oor wat die barmhartigheid en liefde van die Here vir jou beteken.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Wat leer ons uit Jesus se woorde oor die mense met wie Hy praat?
  - Watter lesse is daarin vir ons opgesluit?
- Wat leer ons in vers 19 oor Jesus? Wat vra dit van ons?
- Wat is Jesus se boodskap vir 'n omgewing met baie reëls oor mense?
- Watter reëls het ons (die kerk) vandag nog vir mense? Wat is die gevolge?
  - Wat sou Jesus se boodskap vir ons wees?
- Wat is die juk en die las waarvan Jesus praat? Hoe word dit oorlaai?
- Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê, "leer van my." Wat leer ons by Hom en hoe maak dit die las ligter?
- Met vandag se teksgedeelte in gedagte (Veral die Message se weergawe), hoe sal julle geloof en godsdiens en die implikasies daarvan aan iemand verduidelik?
  - Hoe beleef jy dit? Wat moet jy dalk anders doen?
- Hoe sal 'n kerk lyk waar al die "tollenaars en sondaars" regtig welkom is en waar die juk sag en die las lig is?
- Wie is die tollenaars en sondaars vir wie julle 'n vriend moet gaan wees? Help mekaar met idees hoe om dit te doen.

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**
Herodes Antipas, die koning wat namens die keiser in Rome twee kleinerige provinsies, Galilea en Perea, net maar geadministreer het, het vir Johannes die Doper in die tronk gegooi. Johannes die Doper het dit gewaag om met hierdie koning oor sy persoonlike lewe te gaan praat. Die koning het sy broer se vrou vir homself geneem en die Doper het hom daaroor tereggewys. Dié koning laat hom egter nie teregwys nie en gooi summier God se profeet, Johannes die Doper dan in die tronk. In die tronk verneem Johannes wat Christus alles doen en stuur dan sy dissipels om by Jesus navraag te doen: "Is U die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?" (Matteus 11: 2-3). Jesus het Johannes se dissipels geantwoord: "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: 'Blindes sien weer en verlamdes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die goeie boodskap verkondig.'" (Matteus 11: 4-5). Vanweë hulle eie verwagtings en persepsies, word beide Jesus en Johannes die Doper se openbaring van God se wil en koninkryk verwerp.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?